# 'N INLEIDENDE BESPREKING OOR DIE AARD EN GESAG VAN DIE BINDING AAN DIE BELYDENISSKRIFTE

A. le R. du Plooy
Departement Ekklesiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*The Synod of Dordrecht (1618/19) decided on a Form of Subscription which contains a declaration of agreement. The divergent opinions and controversies with regard to the character and authority of this agreement are discussed in this article. The author investigates the purpose and the significance of the signing of the Form of Subscription. In contrast to the historico-critical approach, the close relationship between Scripture and Confession is emphasized, as well as the authority of Scripture and the authority of the creeds (quia, not quatenus). The conclusion arrived at is that the signing of the Form of Subscription should never become a mere form or a traditional performance.*

## 1. INLEIDING

### 1.1 Doelstelling

In die Drie Formuliere van Eenheid hoor ons die hartklop van die gereformeerde leer. Tradisioneel word dit as die *repetitio Sacrae Scripturae* beskou. In 'n tydsgewrig waarin nie net die gesag van die Skrif nie, maar ook die gesag van die Drie Formuliere van Eenheid in gedrang gekom het, word elkeen wat hom onderwerp aan die gesag van die Skrif en konfessie as 't ware gedwing om homself rekenskap te gee van die aard en gesag van die binding aan hierdie belydenisskrifte.

Die onderwerp bring ons by 'n eeu-oue problematiek waaroor baie geskryf is en ook ernstig verskil is, naamlik die verhouding tussen Skrif en konfessie. Dit behoort duidelik te word dat die saak tans weer besonder aktueel is. Die bedoeling met hierdie artikel is om enkele probleme in hierdie verband te identifiseer, krities te kyk na bepaalde standpunte en perspektief te probeer gee op die sin en bedoeling van die binding aan die belydenisskrifte soos dit byvoorbeeld in artikels 53 en 54 van die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gereël word.

Ek beskou die artikel as 'n inleidende bespreking en beperk my tot die probleem wat hier onder verduidelik word. Gevolglik laat ek 'n bepaalde soort bindende krag van die belydenisskrifte waarop die eenheid tussen kerke in kerkverband berus, buite bespreking. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika funksioneer die konfessie byvoorbeeld ook as akkoord van kerklike gemeenskap.

## 1.2 Probleemstelling

Wanneer gekonsentreer word op die vraag na die sin en bedoeling, oftewel die aard en gesag van die binding aan die konfessie, betree ons 'n kontroversiële terrein. In kern trek die probleem saam in die vraag hoe die binding aan die belydenisskrifte verstaan moet word - veral in die lig van kritiekpunte wat teen die belydenisskrifte as sodanig asook teen die binding daaraan geopper word. Die geskiedenis rondom hierdie problematiek laat blyk dat ons versigtig moet beweeg tussen verwarring en verstarring (vgl. Du Toit, 1965).

Die ontwikkelinge in die geledere van die Nederlandse Hervormde Kerk wat in 1816 die proponentsformule, soos dit by Dordt 1618/19 vasgestel is, in hul eksamenreglement verander het, het tot leervryheid gelei. Die *quia*-standpunt is toe verruil vir die *quatenus*-standpunt en gevolglik is ernstig verskil oor die normatiewe karakter van die belydenisskrifte en selfs van die Skrif.

Teen 1854 skryf Doedes treffend die volgende:

> De Confusie komt in plaats van de Confessie. Niet de afwijking van de belijdenis der Kerk, maar het ijveren voor de handhawing dier belijdenis wordt ketterij, en die het minst gunstig voor de leervrijheid en de met haar ongebreidelde vrijzinnigheid gestemd zijn, moeten noodwendig voor de gevaarlijkste en meest zorgwekkende leden der gemeente gehouden worden (vgl. Pont, 1982:23).

Te midde van toenemende verwarring oor dieselfde aangeleentheid sal ons ons daaroor moet verantwoord of ons vandag nog met reg kan pleit vir die handhawing van die belydenisskrifte en insgelyks vir die onderskrywing en ondertekening daarvan. Die antwoord op hierdie vraag sal gegee moet word met die besef van die gevare van dogmatisme, konfessionalisme en fundamentalisme aan die een kant, en die gevare van biblisisme, rasionalisme en vrysinnigheid aan die ander kant.

## 2. BINDING - 'N VERLEENTHEID? SPANNING TUSSEN GELOOF EN WETENSKAP

Die binding aan die Drie Formuliere van Eenheid is om meer as een rede besig om vir baie gereformeerde teoloë 'n verleentheid te word.

### 2.1 Geloof en wetenskap

Oor die algemeen kan die oorsaak hiervan in die spanning tussen geloof en wetenskap gesoek word. Ons vind soms dat 'n teoloog wat wetenskaplik met kritiese vrae besig is, hom nie geknel en gebind wil voel aan dokumente uit die sestiende en sewentiende eeu nie. Hier dink ons aan 'n uitlating van drs. H. de Jong dat dit "gewoon te gek" is om aan die gereformeerde belydenis gebonde te wees (Van 't Spijker, 1990:375).

### 2.2 Nuwe Skrifbeskouing en nuwere hermeneutiek

Daar is egter ook besondere redes waarom die binding aan die belydenisskrifte vir sommige teoloë 'n probleem geword het. Sedert die sestigerjare neig die teologie oor die algemeen al meer na antroposentrisme - net soos in die negentiende eeu (Van Genderen, 1975:21). Die nuwere hermeneutiek asook die besondere aksente wat die histories-kritiese benaderinge tans in die bibliologiese vakke geniet, lei tot 'n Skrifbeskouing wat radikaal van die Skrifbeskouing ten tye van die Reformasie verskil.

Hiermee beweer ek natuurlik nie dat alle ontwikkelinge op teologiese gebied negatief is ten opsigte van die Skrifbeskouing en hermeneutiek op bibliologiese en dogmatiese terrein nie. Die vraag is net of die gesag van die Skrif en ook die gesag van die konfessie nie dikwels in gedrang kom nie, en indien dit wel in gedrang kom, is dit myns insiens 'n legitieme vraag of die binding aan die konfessie dan as middelmatig en selfs as onbelangrik beskou kan word.

In die bekende studierapport van die Gereformeerde Kerken van Nederland, getitel *God met ons* (Anon, 1980:13 e.v.), word byvoorbeeld besondere aandag aan die aard van die Skrifgesag gegee, en word gekonkludeer dat die Woord van God op 'n relasionele manier tot ons kom (Anon, 1980:103). Anders as wat ons in artikels 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely, word die mens nou volgens die rapport *God met ons* medebepaler van die waarheid. Velema (1981:5-10) meen die agtergrond van hierdie rapport lê in die konflik tussen kerk en teologiese wetenskap soos wat dit veral in die Gereformeerde Kerken in Nederland sedert die sestigerjare voorkom. Die genoemde rapport verhef die mens tot 'n medekonstituerende faktor van

die waarheid (vgl. ook Trimp, 1985:16-22).

'n Skrifbeskouing wat deur die relasionele waarheidsbegrip gedomineer word, ondervind ernstige probleme met die Skrifbeskouing van die Nuwe Testament en derhalwe ook met die Skrifbeskouing wat aan die Drie Formuliere van Eenheid ten grondslag lê (vgl. Breytenbach, 1982:45-51; Bosman *et al*, 1987; Bosman, 1987: 47-49).

Coetzee (1988:35) meen dat die "nuwe" Skrifbeskouing die Skrifgebruik van die Bybelskrywers en die Skrifgebruik van die Nederlandse Geloofsbelydenis kritiseer omdat dit in stryd is met die moderne Skrifuitleg.

Die gevolg hiervan is dat daar nouliks sprake kan wees van binding aan die belydenisskrifte soos wat dit histories bedoel is, en soos wat dit in die ondertekeningsformuliere vereis word (vgl. Spoelstra, 1989: 297-305).

Hierdie toedrag van sake veroorsaak 'n verleentheid, want hoe kan voorstaanders van 'n Skrifkritiese benadering met wesenlike kritiek op die belydenisskrifte, die belydenisskrifte onderskryf en onderteken, soos die reëling volgens die ou Dordtse ondertekeningsformulier ( Dordtse kerkorde, artikel 53) bepaal?

Coetzee (1988:33-34) sê dat twee antwoorde op die probleem gegee word. In die eerste plek word vir verdraagsaamheid gepleit op grond van die mening dat die belydenis ruimte bied vir uiteenlopende standpunte oor die Skrifgesag (vgl. Anon, 1980:62).

Hierdie pleitbesorgers se standpunt is dat die belydenisskrifte geherinterpreteer moet word. Soos wat die aksent by die hermeneutiek van die Bybel vandag verander het en toegespits word op die sentrale vraag oor die verstaansproses van die Bybel (Van Deventer & König, 1989:301-302), so moet die hermeneutiek van die belydenisskrifte ook aangepas word (Van Aarde, 1985:572).

Van Aarde (1985:572-573) oortuig my van die dilemma waarin die nuwe Skrifbeskouing en die nuwere hermeneutiek ons wil werp. Hy pleit enersyds vir die herinterpretasie van die kerklike dogmata, en voeg by: "... herinterpretasie veronderstel kontinuïteit, nieteenstaande die feit dat dit 'n korrektief kan insluit". Andersyds meen hy dat herinterpretasie in beginsel nie nuwe belydenisskrifte vereis nie. Dit is duidelik dat kritiek op die bestaande belydenisskrifte vir hom geldig en noodsaaklik is, maar tog pleit hy dat dit behou moet word. Die enigste sin om dit te behou, grond Van Aarde op die stelling dat die kontinuïteit met die bakermat van die reformatoriese tradisie nie prysgegee word nie.

Coetzee (1988:34) wys op 'n tweede antwoord wat gebied word om die spanning tussen die nuwe Skrifbeskouing en die belydenisskrifte te ontlont: dit is die siening dat 'n belydenisskrif kan funksioneer as 'n oriëntasiepunt tussen die hede en verlede. Dit sou kon dien as 'n rigtingwyser waarlangs die weg van die geloof gevolg kan word (vgl. Van Niekerk, 1987:25-26).

Hierdie benadering ontkrag die binding aan die belydenisskrifte geheel en al, want volgens die Dordtse ondertekeningsformulier van 1618 kom die Drie Formuliere van Eenheid *in alles* (ons kursiveer) met die Woord van God ooreen (vgl. Bouwman, 1934:574).

Breytenbach (1982:45-51) laat blyk dat predikante en teoloë in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op uiteenlopende wyse met die belydenis omgaan: sommige se Skrifbeskouing stem met dié van die belydenisskrifte ooreen, terwyl ander in hul hermeneutiese hantering van die Skrif nie die belydenis as riglyn gebruik nie. Daarom vra hy die vraag of die Skrifbeskouing van die belydenis ongekwalifiseerd deur al die leraars onderskryf word. Dit is vir hom duidelik dat baie teoloë nie die belydenis nie, maar wel die resultate van die histories-kritiese Bybelwetenskap as die riglyn of kriterium in hul Skrifhantering gebruik. Hy beskou dit daarom noodsaaklik dat hierdie probleem opgelos moet word sodat die ampsdraers 'n eenheid om 'n gemeenskaplike belydenis kan vind.

Dit is uit al hierdie gegewens duidelik dat daar sodanige spanning tussen geloof en wetenskap of tussen kerk en teologie aan die ontwikkel is dat die *quia*-standpunt ernstig in gedrang kom. Wanneer die *quia*-standpunt slegs van formele betekenis of van historiese waarde is in soverre dit ons herinner aan ons reformatoriese bakermat, dan kan daar weinig sprake wees van enige juridies-kerkregtelike binding aan die belydenisskrifte.

Soos vroeër gestel, verwerp ons natuurlik nie hiermee alle nuwe ontwikkelinge of nuwe eksegetiese insigte nie en bedoel ons nie dat die eksegese in die tyd van die Reformasie onfeilbaar was nie. Dit mag wees dat sommige Skrifverwysings by die konfessie, soos byvoorbeeld by die Heidelbergse Kategismus, of by die Nederlandse Geloofsbelydenis, vanweë nuwe eksegetiese (of tekskritiese) insigte nie werklik as "bewysplekke" beskou kan word nie (vgl. 1 Joh. 5:7 by artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis).

Al sou dit wees dat alle eksegese van die Reformasie nie altyd gehandhaaf kan word nie, sou dit formalisties wees om hieruit af te lei dat die bepaalde artikel of Sondagsafdeling van die bepaalde geloofsbelydenis nie gesag het nie, of dat dit in stryd is met die Skrif. Schulze (1988:29) wys daarop dat so 'n afleiding byvoorbeeld tipies

van die Remonstrante was wat die Kategismusprediking verdag gemaak het vanweë hul formalisering van die Skrifgesag.

Graffmann (1961:651) maak die interessante opmerking dat die "Schriftzeugnisse" by die Sondagsafdelinge nie altyd dieselfde gebly het nie, en dat wanneer die vierde uitgawe van die Heidelbergse Kategismus met die eerste uitgawe vergelyk word, dit duidelik word dat die verwysings soms vermeerder en soms verminder is. Verder blyk dit volgens Graffmann (1961:651) dat die Skrifverwysings nie soseer bedoel was om die Skrifmatigheid van die belydenis te *bewys* nie, maar om as 'n *bevestiging*, en veral as 'n *bewapening* van die uiteengesette leer te dien.

## 2.3 Teologie en konfessie

Die binding aan die belydenisskrifte was nooit en mag nooit bedoel word as 'n lastige faktor wat die wetenskap van die teologie aan bande lê nie. Heyns & Jonker (1974:125-217) wys op die intense band tussen teologie en kerk, tussen teologie en geloof en tussen teologie en belydenisskrifte, maar beklemtoon tegelyk die selfstandigheid van die teologie en die kerk respektiewelik. Bavinck (1928:585) sê van geloof en teologie: "... zij kunnen elkander niet missen. Het geloof bewaart de theologie voor secularisatie, de theologie bewaart de geloof van separatisme".

Die teologie bly egter die *ancilla ecclesiae*. Ridderbos (1968:196) beklemtoon die dienswerk van die teoloog en die belangrikheid van die gebondenheid van die teologie aan die konfessie: "De theologie, die zich buiten of boven de confessie stelt, stelt zich buiten de kerk, verliest haar dienend karakter en wordt voor de kerk onvruchtbaar, zo niet erger."

Van 't Spijker (1990:375) meen dat die vryheid van die gereformeerde teologie geensins bedreig word deur 'n "royale binding aan de belijdenis" nie.

> Iedere wetenschap heeft haar praemissen. De theologie heeft haar eigen principe. Dit hangt samen met het eigen karakter van deze bijzondere wetenschap. Zij is kennis van God, die zich openbaart. Daar ligt de Schrift. Zij heeft het laaste woord. En zij neemt het eerste woord. Er gaat aan haar spreken niets vooraf zodat een inleiding in de theologie in de meest eigenlijke en pure zin van het woord niets anders is dan theologie zelf.

Hiermee is dit duidelik dat die teologie met al die nodige erkenning aan filosofiese en sosiologiese dimensies en al die waarde wat literêr-wetenskaplike teorieë ook al vir die teologie het, in gedagte moet hou dat dit nie as vertrekpunte geneem kan word nie.

Die spanning tussen teologie en konfessie ontstaan wanneer die teologie met ander

voorveronderstellings as die konfessie werk. Soos enige wetenskap is dit ook eie aan die teologie om te objektiveer en te abstraheer en krities besig te wees (Van Genderen, 1975:23), maar die geloofstaal van die Skrif en die konfessie moet die teologie daarvan weerhou om vry van God en die Heilige Skrif en ongebonde aan enige binding in allerlei abstraksies te verval. "Geen denken óver God is ter zake, dat niet opkomt uit een ontmoeting mét God" en "... geen denken óver God is ter zake, dat niet gericht is op de ontmoeting mét God" (Berkhof, 1960:14).

Ruimte ontbreek om dieper in te gaan op die verhouding tussen teologie en konfessie. Ek volstaan met die opmerking dat aan die een kant gewaak moet word om aan die teologie vrye teuels te gee asof daar geen bindende krag van die konfessie bestaan nie. Aan die ander kant mag die konfessie ook nie aan die absolute gesag van die Skrif gelykgestel word nie, en sodoende misbruik gemaak word van die konfessie om die ontwikkeling van die teologie - en desnoods selfs op grond hiervan, moontlike konfessionele ontwikkeling - te probeer stuit nie.

## 3. DIE ONDERTEKENINGSFORMULES IN DIE DRIE AFRIKAANSE KERKE

In die gesprek tussen die drie Afrikaanse Kerkegroepe geniet die onderskeie standpunte met betrekking tot die bindende krag van die belydenisskrifte tans besondere aandag. Dit is duidelik dat die histories-kritiese benadering en die nuwe hermeneutiek 'n prominente invloed het op die standpunte van sommige teoloë.

Na my mening is dit noodsaaklik dat daar in die tussenkerklike gesprek volkome helderheid oor die problematiek rondom die gesag van die Skrif en van die belydenisskrifte verkry moet word, omdat kerklike eenheid ten diepste afhanklik is van onderlinge instemming met die leer van die kerk soos dit in die Drie Formuliere van Eenheid bely word.

In die gereformeerde kerke figureer die belydenis onder meer ook as akkoord van kerklike gemeenskap. Wanneer daar egter 'n losse binding aan die belydenis is, kan daar onmoontlik van kerklike eenheid sprake wees. Dit blyk duidelik uit die kontroversie oor die *quia* en *quatenus* in die Nederlandse Hervormde Kerk van die negentiende eeu.

### 3.1 Gemeenskaplike *quia*-standpunt

In die Tussenkerklike Kommissie het die Kerkegroepe tot die volgende formulering gekom:

> In beginsel huldig die Gereformeerde Kerke, die Ned. Geref. Kerk en die Hervormde Kerk die *quia*-standpunt. Wat die interpretasie daarvan deur die drie kerke betref, moet dit uit die konkrete situasie blyk (Handelinge Tussenkerklike Kommissie, 1982-1989:608).

Die amptelike standpunte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dat die ondertekeningsformulier van die sinode van Dordrecht 1618/19 steeds geldig is, en onderteken en onderskryf moet word. Die huidige bewoording daarvan in die geledere van genoemde twee Kerkegroepe laat blyk dat dit vertalings is van die oorspronklike Dordtse formulier.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se huidige formulering (van die relevante bindingsformule in die ondertekeningsformulier) lui soos volg:

> ... dat al die artikels en stukke van die leer wat vervat is in die Formuliere van Eenheid, naamlik die Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls of Vyf Artikels teen die Remonstrante wat vasgestel is op die sinode van Dordrecht 1618-19, in alles met Gods Woord ooreenkom (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1980:82; vgl. ook Handelinge Tussenkerklike Kommissie, 1982-1989:616 e.v.).

Die ondertekeningsformule van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dateer in sy huidige formulering vanaf 1866, en lui soos volg:

> Ek/Ons, die ondergetekende(s), dienaar(s) van die Woord van God in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, verklaar hiermee dat ek/ons die leer wat uitgedruk is in die formuliere van eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, en wat in ooreenstemming is met die Woord van God, van harte onderskryf en getrou sal verkondig. Ek/Ons beloof verder om my/ons stiptelik te hou aan die orde wat neergelê is in die Wet en Bepalings van die Kerk en by oortreding daarvan my/ons te onderwerp aan die oordeel van die bevoegde kerklike vergaderings. Deur hierdie formule te onderteken, verklaar ek/ons dat ek/ons vas oortuig is en glo dat die leer wat in die formuliere van eenheid uitgedruk is, in volkome ooreenstemming met die Woord van God is (Bepaling 73).

In die Tussenkerklike Kommissie (Handelinge, 1982-1989:612) stel die Nederduitsch Hervormde Kerk die volgende met betrekking tot die ondertekeningsformule: "Die verskil met die Nederlandse formulier is die slotparagraaf waar die ondertekenaar 'n verklaring aflê wat volkome *quia* is".

### 3.2 Die aard van die binding aan die belydenisskrifte

Wanneer ons vra na die aard van die binding volgens die ondertekeningsformuliere van die drie Kerkegroepe, is dit nie so eenvoudig om enkelvoudige antwoorde te gee nie. Daar bestaan wel formele of amptelike gegewens in hierdie verband, maar dit moet tegelyk ook binne die konteks van die tyd en omstandighede verstaan word.

'n Kernvraag is of die binding aan die belydenisskrifte 'n letterlike binding beteken of nie.

Dit is waarskynlik die beste as ons vanuit die hede terugskou op die verlede en kortliks let op die relevante gegewens.

### 3.2.1 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

In die Handelinge van die Tussenkerklike Kommissie (1982-1989) blyk dit nêrens dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hom direk uitspreek oor die aard van die binding aan die belydenisskrifte nie. Daar word volstaan met die inhoud van die Dordtse ondertekeningsformulier wat neerkom op 'n *quia*-standpunt (Handelinge Tussenkerklike Kommissie, 1982-1989:608 e.v.).

Dit is egter verhelderend en interessant om die behandeling van die saak rondom prof. C.J.H. de Wet in die Handelinge van die Nasionale Sinode van 1945 en (die buitengewone) Nasionale Sinode van 1946 in hierdie verband na te lees.

Onder meer het hierdie sinodes aandag gegee aan die beweringe dat prof. De Wet bepaalde dinge geleer en geskrywe het wat in stryd is met die Skrif en konfessie (Nasionale Sinode GKSA 1945, acta:201). Terwyl die Nasionale Sinode van 1946 besig was met die saak het prof. De Wet as professor bedank en ook gemeenskap met die Gereformeerde Kerke opgesê (Nasionale Sinode GKSA 1946, acta:55-56). Daarna het die sinode besluit om 'n verklaring oor die aangeleentheid uit te reik (Nasionale Sinode GKSA 1946, acta:56 e.v.).

In hierdie verklaring word onder meer die volgende gestel:

> Aan die einde van 'n lang en sorgelike leerstryd wil die Geref. Kerk opnuut bely dat hy staan op die grondslag van die Heilige Skrif as die onfeilbare Woord van God, dat hy van harte die Drie formuliere van enigheid omhels en *wel in die letterlike en historiese sin* (ons kursivering), terwyl hy aanneem dat alles in hierdie belydenisskrifte ooreenkom met die Woord van God, solank die teendeel voor die bevoegde kerklike vergadering nie bewys is nie (Nasionale Sinode GKSA 1946, acta: 62).

Uit die gegewens wat voor die sinode gedien het, blyk dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1946 vir hierdie standpunt van 'n letterlike en historiese binding aan die Drie Formuliere van Eenheid veral sterk steun gevind het en ook aangeleun het op Kuyper (vgl. Nasionale Sinode GKSA 1946, acta: 98-100).

Die sinode het naamlik 'n lang aanhaling gegee uit 'n artikel van Grosheide (1940:154-

162) waarin verwys is na Kuyper se stryd teen die vrysinnigheid in die negentiende eeu, en waarin Grosheide in konsensus met Kuyper sê die belydenisskrifte kan en behoort *ad litteram* opgeneem te word.

In aansluiting hiermee skryf Coetzee (1970: 19):

> Die Gereformeerde sê: ek bind my ondubbelsinnig, maar nie in absolute sin nie - dan bind ek my aan die letter van die belydenis en nie net aan sy sg. "gees en strekking" nie, want in lg. geval is daar eintlik geen binding nie - moreel miskien, maar nie juridies-kerkregtelik nie.

Coetzee (1988:26) verwys instemmend na Polman (s.j., 85-86) wat sê dat die letterlike binding aan die konfessie die "bedriegers" dwing om uit hul skuilplekke te voorskyn te kom.

Van der Walt (1990:17-19) stel dat die waarheid in die Bybel en die waarheid in die belydenisskrifte een waarheid is, en dat die ooreenkoms 'n ooreenkoms in die *leer* is. Daarom meen hy dat die ondertekenaar van die ondertekeningsformulier hom aan die *leer* van die belydenis bind. Ten opsigte van die letterlike binding sê hy die volgende:

> In die Belydenisskrifte is daar, soos in die Bybel, ook stellings wat nie in hulle letterlike woorde bindend is nie, maar wel in *hulle bedoeling en leer* (ons kursivering). Hiervan is art. 4 van die NGB 'n sprekende voorbeeld ... Die GKSA bind niemand ooit êrens om die NGB art. 4 in die 16e-eeuse stelling op die voet te volg en dit te verdedig nie. Dit moet *in historiese konteks en bedoeling verstaan word* (ons kursivering).

Volgens Van der Walt moet daarmee rekening gehou word dat in die belydenisskrifte (soos ook in die Bybel) tydgerigte uitsprake voorkom wat in die lig van hulle ontstaantyd en doel van die uitspraak verstaan moet word. Dit kom dus voor of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika amptelik 'n letterlike en historiese binding aan die belydenisskrifte handhaaf.

Teoloë wat aan die Gereformeerde Kerke verbind is heg besondere waarde aan die bindende krag van die belydenisskrifte (vgl. verder Du Toit, 1965, Duvenage, 1965 en 1971; Van Wyk, 1974; Van der Linde, 1986). As gevolg hiervan is (word?) die Gereformeerde Kerke soms as fundamentalisties en konfessionalisties bestempel (vgl. Deist, 1986).

Die konsekwente gedagtegang by teoloë van die Gereformeerde Kerke is dat die Skrif die *norma normans* en die konfessie die *norma normata* is, en dat die belydenis insgelyks toetsbaar aan die Woord van God is omdat die Woord die *regula fidei* is. Verder word daar stewig vasgehou aan die letterlike bewoording en reëling van die ondertekeningsformulier.

Die belydenisskrifte van die verlede moet volgens Schulze (1978:17) inderdaad vir ons tyd geïnterpreteer word om dit so ons eie te maak. Dit moet 'n saak van die hart word. Interpretasie van die belydenisskrifte impliseer egter nie 'n verandering van die inhoud van die belydenis of 'n faset daarvan nie. Ons sou die belydenisskrifte op bepaalde punte selfs kon herinterpreteer wanneer ons 'n bepaalde interpretasie hersien of verbeter. Wanneer dit noodsaaklik blyk te wees om 'n belydenisskrif op 'n bepaalde punt te verander, behoort dit ordelik te geskied (vgl. punte 6 en 7).

### 3.2.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

In hoofsaak stem die amptelike standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ooreen met die standpunt van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vgl. Handelinge Tussenkerklike Kommissie, 1982-1989:608-616).

Dit word gestel dat die ondertekenaar nie tot op die laaste letter aan die belydenisskrifte gebind is nie, en tegelyk word beklemtoon dat dit nie beteken dat die binding gerelativeer mag word nie. In die standpuntstelling word 'n neiging om die binding te wil reduseer tot 'n binding aan 'n kernbelydenis ten sterkste afgekeur. "Juis binne die *quia*-standpunt sal daar ruimte vir verskil van interpretasie moet wees in ons soeke na die waarheid" (Handelinge Tussenkerklike Kommissie, 1982-1989:613).

In die lig van die positiewe houding en aandag wat die histories-kritiese benadering en die nuwere hermeneutiek by sommige teoloë van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geniet (vgl. punt 2 hierbo), kan die vraag gevra word hoe groot die ruimte vir verskil van interpretasie kan wees voordat dit oorgaan tot ernstige kritiek en selfs verskil met die inhoud van die leer volgens die Drie Formuliere van Eenheid.

Soos by die behandeling van die standpunt van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waar ons enkele verwysings na die uitoefening van leertug ten opsigte van prof. De Wet gemaak het, wil ons kortliks verwys na enkele aspekte rondom prof. J. du Plessis in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Dit is nie nodig om in besonderhede op die saak in te gaan nie. 'n Woordelikse verslag van hierdie kerksaak is in 1932 gepubliseer (Die Kerksaak, 1932). Deist (1986:36-65) het redelik indringend en met goeie dokumentering uit hierdie verslag, uit oorspronklike geskrifte van Du Plessis en uit ander bronne, 'n bespreking van die saak gegee.

Wat vir ons van belang is, is dat die Sinodes van 1928 en 1930 in hul beoordeling van die standpunte van prof. Du Plessis baie sterk vasgehou het aan die letterlike binding aan die belydenisskrifte. Dit blyk byvoorbeeld uit die uitspraak van regter Gardiner in

1931 toe die saak in die Hooggeregshof van Kaapstad gedien het. Hy bevind onder meer die volgende: "Die Sinode het meer gedoen, want hy het die aanbeveling van die Leer-kommissie aangeneem wat die Mosaïese oorsprong van die Pentateug bevestig" (Kerksaak, 1932: 225-227; Deist, 1986:47, 59).

Oor die algemeen is dit opmerklik dat Du Plessis in sy standpunte sterk gekant was teen die "verdoppering" van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Deist, 1986:38, 40, 46), asook teen die rigting van Kuyper en Bavinck wat hy as streng konfessioneel en fundamentalisties tipeer (Deist, 1986:37-41). Du Plessis self was meer geneig tot 'n binding aan die belydenisskrifte, opgevat in die gees van die opstellers (Deist, 1986:55).

'n Belangrike aspek wat een van die kernpunte in die geskil tussen Du Plessis en die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, was dat 'n Kerk nie 'n interpretasie van die belydenis mag kanoniseer en dit gelykstel aan die gesag van die konfessie nie (Deist, 1986:58-61).

Du Plessis het dit as sy mening gestel dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n tradisie het waarvolgens leervryheid binne die grense van die belydenis aanvaarbaar en toelaatbaar is. Volgens hom was dit die verstandhouding toe hy die ondertekeningsformulier (sy "kontrak met die Kerk") onderteken het (Deist, 1986:58).

### 3.2.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die amptelike standpunt van hierdie Kerk word ten opsigte van die aard van die binding aan die belydenisskrifte soos volg gestel:

> Die ondertekeningsformule word so verstaan dat die Heilige Skrif as die *regula fidei* geld en wat onderteken word is die leer wat uitgedruk is in die Drie Formuliere van Eenheid en nie die Formuliere as sodanig nie. Hierdie leer is egter nie aan die willekeur van die predikante oorgelaat nie, maar word deur die Algemene Kerkvergadering vasgestel. Dit beteken in die praktyk dat die Heilige Skrif as die *regula fidei* geld en dat daar ook in tugsake telkens weer vasgestel moet word of die *regula fidei,* soos saamgevat in die belydenisskrifte, oortree is of nie.

Voordat ons hierdie standpunt krities bekyk, verwys ons eers na enkele menings van teoloë uit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Botha (1982:38 e.v.) behandel in 'n artikel die leertugsaak rondom ds. C.J.L. Ruysch van Dugteren (vgl. ook Pont, 1985:537-540). In hierdie saak het ds. Goddefroy wat die leiding geneem het in die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, onder meer gesê dat "hoewel die predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk nie in soveel

woorde dieselfde legitimasieformule onderteken het nie, die beginsel steeds dié van Dordt is" (Botha, 1982:39). Hy beroep hom dus op Dordt.

Goddefroy het sterk klem gelê op die gebondenheid aan die belydenis soos dit uitgedruk is in die Formuliere van Eenheid, juis omdat Ruysch van Dugteren die Kerk in kennis gestel het dat hy die leer wat in die Drie Formuliere van Eenheid vervat is, nie aanvaar as in volkome ooreenstemming met die Woord van God nie (vgl. Botha, 1982:41; Pont, 1985:537).

In die tugsake rondom Begemann en Geyser het dit ook in albei gevalle geblyk dat die belydenisskrifte sterk normatief gegeld het as gesaghebbende, saamgevatte *regula fidei* (vgl. Pont, 1985:535 e.v.).

Breytenbach (1982:48-49) en Pont (1982:20-21) maak albei 'n skeiding tussen die leer en die belydenisskrifte, en meen dat die binding eintlik van toepassing is op die leer en nie juis dui op die belydenisskrifte se uitdrukking van die leer nie.

Die vraag is of dit korrek is, en of dit in lyn is met die formule van Dordt.

Die amptelike standpunt van die Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika soos ons dit hierbo weergegee het, en die standpunte van Pont en Breytenbach laat ons met enkele vrae.

- Kan daar werklik van 'n *quia*-standpunt sprake wees wanneer daar nie 'n binding aan die inhoud van die belydenisskrifte is nie, maar slegs 'n binding is aan die leer wat daarin uitgedruk is?

- As telkens eers bepaal moet word wat die leer in die belydenisskrifte is, kan gevra word of alles in die belydenisskrifte dan nie met die Woord van God ooreenstem nie. Verder sou so 'n skeiding tussen belydenis (leer) en belydenisskrifte ons weer midde in die problematiek van die negentiende eeu plaas toe inhoud en vorm ook van mekaar geskei is (vgl. punt 5 waar dit verder bespreek sal word).

- Moet ons van meet af twyfel aan die inhoud van die belydenisskrifte, of moet ons uitgangspunt wees dat die inhoud in alles met Gods Woord ooreenkom totdat die teendeel bewys is?

Die opmerking van Polman (1973:8) is moontlik hier van belang: "Alles wat ik geloof belijd ik niet, al behoort wel alles wat ik belijd tot mijn geloof."

Dit blyk in elk geval dat hierdie Kerk nie die standpunt huldig dat daar 'n letterlike binding aan die belydenisskrifte vereis word nie. Volgens Breytenbach (1982:49) moet die klem op die leer van die belydenis val, en nie op die minder belangrike sake nie.

### 3.2.4 Terugskouing

Dit is duidelik dat die Kerkegroepe in die verlede en in die hede worstel met die vraag na die verhouding tussen die Skrif en konfessie en insgelyks die aard en gesag van 'n binding aan die Drie Formuliere van Eenheid. In die lig van die stryd gedurende die negentiende eeu is die Kerke in die gereformeerde teologie bewus van die gevare van fundamentalisme en konfessionalisme, en aan die ander kant ook van die vrysinnigheid en die *quatenus*-standpunt.

Die kernprobleem sentreer rondom die punt dat die gereformeerde teoloog aanvaar dat die Woord van God onfeilbaar is en onder inspirasie van die Heilige Gees ontstaan het, terwyl die konfessie as antwoord of naspreking van die Woord waarby sekere Skrifgedeeltes ook nader uitgelê word, feilbaar is, al het dit onder leiding van die Heilige Gees ontstaan. Die gesag van die konfessie kan in terme van die konfessie self (artikel 7 Nederlandse Geloofsbelydenis) nie met die Woord van God gelykgestel word nie.

In hierdie verband merk Van 't Spijker (1990:375) treffend op dat die grondprobleem "samenhangen met de vraag omtrent God en de mens in hun onderlingen verhouding".

## 4. DIE GESAG VAN DIE BELYDENISSKRIFTE EN DIE BINDENDE KRAG DAARVAN

Die belydenis self is duidelik daaroor dat die belydenis aan die Skrif ondergeskik is (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 7). Bavinck (1930:401) se bekende uitspraak is: "... de confessie is en blijft altijd examinabel en revisibel aan de Schrift; zij is geen *norma nonnans*, maar hoogstens *norma normata*, geen *norma veritatis*, maar *norma doctrinae in aliqua ecclesia receptae*".

Die konfessie het geen absolute gesag soos die Woord van God nie, maar het volgens Bouwman (1934:564) geestelike en kerkregtelike gesag.

Die bindende krag van die belydenisskrifte hang vanselfsprekend af van die vraag of die belydenisskrifte normatiewe gesag het. Oor laasgenoemde het daar in die verloop van die geskiedenis uiteenlopende standpunte na vore gekom (vgl. Polman s.j.).

By Rome trek die gesag saam in die pous en word die kerkgesag verabsoluteer: *Roma locuta, causa finita est* en *Roma semper eandem* (vgl. Coetzee, 1970:9; Rossouw, 1989:498-512).

Volgens die Rooms-Katolieke standpunt is die belydenis nie 'n poging om die Woord na te spreek nie, maar is dit gelyk aan die openbaring. So heers die kerk oor die Woord (Runia, 1959:13).

Vir die Rooms-Katoliek bestaan daar nie iets soos die hersiening van die belydenis van die kerk nie omdat dit absolute gesag geniet (vgl. Toornvliet, 1949:18). 'n Kerklike leeruitspraak is vir Rome identies aan 'n uitspraak van die Skrif, en 'n belydenis is nie 'n antwoord op die Woord nie, maar 'n eie-woord met volle gesag (König, 1966:23).

Die verhouding tussen Skrif en konfessie by Rome is dus 'n verhouding van gelyke gesagstatus waarin niemand byvoorbeeld 'n beroep op die Skrif kan doen om die belydenis te toets nie (König, 1966:24).

Vir 'n oorsig oor redelik resente kerklike optredes teen Roomse teoloë wat van die Roomse leer afwyk, verwys ons na Arntzen (1984:1-13) waar aangedui word hoe daar teenoor Küng en Schillebeeckx opgetree is. Hierin word dit duidelik dat die tradisie steeds oor die Skrif heers. Die leeramp moet aan die kerkgesag onderworpe bly en selfs 'n beroep op die Skrif is daaraan ondergeskik.

Die doopsgesindes van die sestiende eeu wou niks van konfessies weet nie omdat dit aan die Skrif sou skade doen en nadelig sou wees vir die kerk en die gewete van 'n mens (Duvenage, 1965:573).

Die Remonstrante het met argwaan die konfessie bejeën, en dit sou volgens hulle in stryd wees met die gesag van die Skrif en die mens onnodig in sy gewete bind (Bavinck, 1928:63).

By Dordt 1618/19 het hulle beweer dat hulle wel aan die substansie van die leer hou, maar dat hulle geen kerkregtelike gesag aan die belydenisskrifte wil toeken nie. Die Remonstrante sien die belydenisskrifte as vuurbakens in 'n donker nag, maar dit besit nie gesag waarop 'n beroep gedoen kan word nie, en dit mag niemand inperk nie (vgl. Coetzee, 1970:12; Duvenage, 1965:573).

Hierdie opvatting het in die negentiende eeu sterk na vore getree by die Nederlandse Hervormde Kerk - 'n opvatting waarteen Kuyper weer skerp gereageer het (Coetzee, 1970:12). Vir 'n goeie oorsig oor die problematiek en spanninge gedurende die negentiende eeu verwys ons onder vele meer na Nauta (1969), Vos (1886) en

Volten (1962).

In 'n artikel van Runia (1959:6-20) waarin aandag gegee word aan die gesag van die konfessie behandel hy Barth se beskouing. Dit blyk dat Barth die gesag van die konfessie erken, maar die bindende gesag moet volgens hom in beperkende sin verstaan word. Die eintlike gesag van die belydenisskrifte is geestelik van aard en dit behoort as die eerste kommentaar op die Skrif gelees te word (Runia, 1959:10). Die insig van die kerk is beperk, geografies beperk en tydelik van karakter. Die kerklike gesag is eerder leidend as bindend, en kerkregtelike bindinge het nooit goeie gevolge gehad nie. Daarom moet elkeen sy eie weg tot die verstaan van die Skrif vind (Barth, 1935:658, 693-740).

So het Barth wel grootliks verskil van die modernisme van die negentiende eeu wat subjektiwisties en individualisties in benadering was, en wat afsydig van die gesag van die konfessie gestaan het (Runia, 1959:12).

Aan die ander kant, as teenpool van die modernisme, kry ons die Amerikaanse fundamentalisme wat weer die wetenskap in sy ontwikkeling nie wou erken nie. Volgens Barr (1984:1) word die fundamentalisme deur die volgende gekenmerk: die foutloosheid (nie onfeilbaarheid nie) van die Bybel; vyandskap teen nuwe teologiese metodes, studie en navorsing; twyfel oor die Christenskap van diegene wat van hul gesigspunte verskil.

In reaksie teen die konfessionalisme, tradisionalisme, skolastiek en intellektualisme kry ons die biblisisme wat die belydenisskrifte totaal onderskat het. Dit is net so 'n groot bedreiging vir die kerk as die konfessionalisme omdat dit die mens se eie insigte oorskat en nie rekening hou met die leiding van die Heilige Gees in die geskiedenis nie (vgl. Toornvliet, 1949, 18-20; De Klerk, 1937:17).

Hierdie strominge en benaderinge ten opsigte van die verhouding tussen die Skrif en konfessie asook ten opsigte van die gesag van die konfessie het daartoe aanleiding gegee dat daar in die verloop van die negentiende en twintigste eeue allerlei bedenkinge oor die gesag van die konfessie ontwikkel het, en met wisselende reserwes daarna gekyk is (vgl. Van Genderen, 1975).

## 5. DIE STRYD RONDOM DIE BINDENDE KRAG VAN BELYDENISSKRIFTE

Bo en behalwe die feit dat die nuwe Skrifbeskouing en nuwere hermeneutiek die gesag van die belydenisskrifte en die bindende krag daarvan ernstig bevraagteken, soos ons dit hierbo aangetoon het, het daar in verloop van tyd ernstige vrae oor die vorm en

inhoud van die belydenisskrifte ontstaan. Ek wys net op enkele voorbeelde, en gee meer aandag aan kritiek van middelmatige aard.

Vir meer ernstige kritiek verwys ons onder meer na Volten (1962:101-111). Hy beklemtoon dit dat die belydenisskrifte vol foute is, en lewer kritiek op die inhoud, byvoorbeeld die ontoereikendheid van artikels 3-7 en van artikels 27-30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Berkouwer (1963:10-19) bevraagteken op sy beurt die leer van die verwerping volgens die Dordtse Leerreëls (vgl. verder die dissertasie van Buytendach, 1969; Kuitert, 1972:110 e.v.; Van der Linde, 1979:36-51; Polman, 1973:6-11).

Op 'n onwetenskaplike manier word Luther en Calvyn soms as getuies of voorbeelde ingeroep om te probeer aantoon dat kritiek op belydenisskrifte nie so erg is nie. Polman (1973:9-10) stel byvoorbeeld dat Calvyn wel die saaklikheid in die belydenis van Nicea aanvaar het, maar dat hy die vorm daarvan veroordeel het vanweë die nuttelose omhaal van woorde daarin. Dit bring Polman by die vraag of dit nie geldig sou wees om van die intensie van die belydenis te praat nie. Die punt is egter dat Calvyn versigtig was en alleen wou toesien dat 'n belydenisskrif op 'n eenvoudige wyse die oorspronklike bedoeling van die Skrif moet verduidelik (*Institusie*, IV, 8, 16; Plomp, 1969:256).

Hoewel die belydenis hom nie uitspreek oor die aard van die inspirasie van die Heilige Skrif nie, en selfs nie eers die woord *inspirasie* gebruik nie (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 3), beteken dit sekerlik nie dat die belydenis onverskillig teenoor die inspirasie staan nie.

Ter wille van 'n liberale standpunt oor die inspirasieleer word soms 'n beroep op Luther gedoen. Luther het die Mosaïese outeurskap van die Pentateug ontken, die boek Job 'n allegorie genoem, die boek Jona kinderagtig, die boeke Konings hoër geag as Kronieke, Jakobus 'n boek van strooi bestempel en Prediker geminag (vgl. Deist, 1986:48).

Ek vestig vervolgens die aandag op kritiek wat moontlik meer legitiem van aard kan wees, en wat dikwels die aandag geniet van teoloë in die Suid-Afrikaanse gereformeerde wêreld.

Breytenbach (1982:45 e.v.) en Van der Walt (1990:18), om slegs twee te noem, verwys na artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waarvolgens Moses die outeur van die Pentateug en Dawid die outeur van die Psalms is; waarvolgens Klaagliedere nie as 'n aparte boek genoem word nie, en Hebreërs as 'n brief van Paulus aangedui word.
Ek verwys ook na artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hier word na

Judas Iskariot en na Simon die towenaar verwys as voorbeelde van ongelowiges wat Nagmaal gevier het. Van Bruggen (1971:183) beskou dit as ongelukkige voorbeelde. Ten opsigte van Simon die towenaar lees ons nêrens in die Bybel dat hy aan die Nagmaal deelgeneem het nie. Ten opsigte van Judas Iskariot is dit nie volkome duidelik of hy wel aan die Nagmaal teenwoordig was nie. Calvyn (1846:198) meen die saak is onduidelik, maar erken dat dit wel moontlik kon wees.

Hierdie meer en minder ernstige kritiekpunte wat teenoor die belydenisskrifte geuiter is, het verder daartoe bygedra dat allerlei onderskeidings en soms selfs kunsgrepe gemaak word ten einde antwoorde te gee oor die aard van die gesag van die belydenisskrifte en die gevolglike binding daaraan.

Die stryd na die Afskeiding van 1834 gedurende die verloop van die negentiende eeu was fel. Die afgeskeidenes het gestry vir die handhawing van die belydenis, terwyl die Groninger-rigting onder Hofstede de Groot die belydenisskrifte as blote oorkondes erken het. Dit stem ooreen met die benadering van die Remonstrante van die sestiende en sewentiende eeu (vgl. Hofstede de Groot, 1834:26 e.v.; Van der Linde, 1986:19).

In die middel van die negentiende eeu kom Van Toorenenbergen (1895:V-XXII) met die gedagte dat die kerk slegs die substansie van die belydenis moet bewaar. Hy beklemtoon hiermee die fundamentele dele in die leer wat - tipies volgens die eties-ireniese rigting van Da Costa (Nauta, 1969:70; Van der Linde, 1986:20) - vir evangeliese gebruik belangrik sou wees. Hierdie fundamentele leerstukke onderskei hy van die aksidentele wat nie so gesagvol is nie. Hy meen ook dat die Dordtse Leerreëls geen kerklike gesag besit nie en as simboliese apokriewe beskou moet word.

Kuyper was meer die sogenaamde juridies-konfessionele rigting van Groen van Prinsterer toegedaan. Kuyper (1884:5-18) het sterk standpunt ingeneem en gestel dat die ondertekenaars van die ondertekeningsformulier onvoorwaardelik daaraan gebind is. Vir hom beteken die binding 'n letterlike binding (Nauta, 1969, 88 e.v.). Tog onderskei hy ook tussen die saak wat bely word en die vorm waarin dit gegiet is. Hiervan is die eerste onveranderlik (vgl. Volten, 1962:116). Nietemin word die ondertekenaar aan die geheel daarvan gebind, en nie net aan die substansie nie (Nauta, 1969:90).

In die twintigste eeu het die kwessies rondom die bindende krag van die belydenis opnuut opgevlam en weer eens is standpunte gehoor dat daar nie sprake is van 'n letterlike binding nie, maar dat dit slegs in gees en hoofsaak bindend is (Van der Linde, 1979:39).

Volten (1962:186) pleit vir 'n nuwe belydenis. Sy standpunt kom neer op 'n reduksie

van die belydenis waarin ruimte aan die *quatenus*-standpunt gegee moet word (Volten, 1962:141-144).

Augustijn (1969:12-70) pleit ook vir 'n nuwe belydenis, maar een wat selfs nie eers in gees en hoofsaak bindend sal wees nie omdat dit slegs opvoedende waarde sou hê.

Van Wyk (1974:22-33) toon in 'n goeie oorsigtelike studie aan hoe daar veral sedert die sestigerjare vanuit verskeie motiewe gepleit is vir 'n nuwe belydenis. Hy maak dit duidelik dat 'n nuwe belydenis prinsipieel moontlik is, om onbelede waarhede te formuleer en om ou dinge nuut te sê. In sy kritiek teen 'n nuwe belydenis wys hy egter daarop dat die motiewe van baie gebore is uit 'n verskil of onvergenoegdheid met die Drie Formuliere (vgl. ook Van der Linde, 1975: 34 e.v.).

Berkouwer (1963: 19 e.v.) praat weer van die diepste intensies van die belydenis wat dan as belangrik beskou moet word - asof die res van die geformuleerde waarhede van middelmatige aard sou wees.

In hierdie oorsig oor die sestigerjare waartydens die "deconfessionaliseringsproces" (Van Genderen, 1975:25) momentum begin kry het, is dit duidelik dat die gesag en die bindende krag van die belydenis vorentoe al sterker in gedrang sou kom. Dit het inderdaad gebeur hoewel die aksent sedertdien effens verskuif het na toenemende Skrifkritiek en na 'n nuwere hermeneutiek.

Intussen bly die vraag of dit vandag geldig is om van die sentrum en die periferie van die belydenis te praat. Berkouwer beroep hom hiervoor op Calvyn (*Institusie*, IV, 1, 12), en Duvenage (1971: 33) meen dat hy dit ten onregte doen omdat Calvyn nie hier handel oor die sentrum en periferie van die belydenis nie, maar oor die verhouding tussen kerke wat nie presies dieselfde belydenisskrifte het nie. In so 'n geval moet daar wel bepaal word wat fundamenteel is en wat nie. Dit blyk in elk geval dat dit moeilik is om presies te verstaan wat Calvyn met die *verae doctrinae capita* bedoel: nadat Calvyn voorbeelde van die noodsaaklike leringe (*necessaria*) gegee het wat deur niemand betwyfel mag word nie, naamlik dat daar een God is, dat Christus God is en die Seun van God, dat ons heil in die barmhartigheid van God rus, voeg hy by "en dergelike" (in Latyn: *et similia*)! Dit is duidelik dat Calvyn nie bedoel om 'n volledige opsomming te gee nie (vgl. Plomp, 1969:259-260).

Pont (1985:525) praat ook van die onderskeiding sentrum en periferie, maar voeg by dat dit nie beteken dat die periferiese van minder belang is nie.

Van der Walt (1990:18) onderskei - veral as gevolg van die probleme in artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis - tussen die letterlike woorde en die bedoeling wat

mede in die historiese konteks gelees en verstaan moet word.

Ten opsigte van die inhoud van die belydenisskrifte is dit myns insiens geldig om van die sentrum en periferie te praat, maar dan in 'n duidelik gekwalifiseerde sin. Luther het gesê die *doctrina sacra* is soos heuning wat uit die blomme van die Skrif uitgehaal is. Soos daar hermeneutiese reëls ten opsigte van die Skrif en enige ander geskrif bestaan, so behoort dit ook ten opsigte van die belydenisskrifte te bestaan. Een van die hermeneutiese reëls is dat met die skopus van die belydenisskrif of 'n bepaalde leerstuk en met sy eintlike gerigtheid rekening gehou moet word. Dit is die sentrale moment waaromheen die res van die belydenisskrif of leerstuk gestruktureer en gevorm word. Die periferiese is nie van minder belang nie, en kan ook nie willekeurig verwaarloos of weggelaat word nie (vgl. Pont, 1985:525- 526).

Ons hoef nie die standpunt van 'n letterlike binding en die standpunt dat tussen sentrum en periferie onderskei moet word teen mekaar af te speel nie. Dit handel nie oor dieselfde saak nie. Om van die letterlike formuleringe van die belydenisskrifte weg te beweeg, open 'n gevaarlike pad. Dink byvoorbeeld aan die stryd tussen die *homoousiane* en die *homoi-ousiane* waar die verlossingsleer van een lettertjie, naamlik 'n enkele "i" afgehang het. Aan die ander kant moet ons ook daarmee versigtig wees, anders beteken dit dat artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n groot verleentheid sal veroorsaak.

Sommige teoloë (Du Toit, 1965:79-80; Polman, 1973:11; Van der Westhuizen, 1982:71; Duvenage, 1965:574-575; 1971:32-33) meen dat ons ons binding aan die belydenisskrifte op 'n *quatenus*-wyse moet verstaan, omdat dit feilbare mensewerk is. Hoewel die Dordtse sinode se standpunt was om jou aan geen menslike geskrifte te bind nie, maar aan die Woord van God alleen (*non ulla scriptura humana sed solum Dei Verbo*), soos ons dit ook in artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely, is dit ook waar dat die ondertekenaar van die ondertekeningsformulier nie maar willekeurig kan leer en verkondig wat met die belydenisskrifte in stryd is nie.

Die ondertekenaar het 'n etiese verantwoordelikheid om self sy onderneming by die ondertekening te handhaaf en sy belofte gestand te doen. Indien sy oortuiging deur studie (eksegese) en navorsing hom oortuig dat die Woord van God iets anders leer as wat die belydenisskrifte stel, is hy vry en geroepe om op 'n kerkordelike manier die kerklike weg daarmee te gaan. Die saak waaroor dit gaan is immers belangriker as die mens self. Die ondertekeningsformulier wil juis op hierdie kerkregtelike wyse in diens wees van die handhawing van die Woord (as die enigste reël van ons geloof). Dit beteken nie gewetensdwang nie, want die ondertekenaar het die formulier vrywillig onderteken. Hy self het gekies om dit te doen en hy is vry om gravamen in te dien of om aan te toon watter probleme hy ondervind. Handhawing van die belydenisskrifte moenie

verwar word met fundamentalisme of Rooms-Katolisisme, of konfessionalisme nie.

## 6. BEDOELING VAN DIE BINDING AAN DIE BELYDENIS

Dit is belangrik en vanselfsprekend dat 'n saak veral teen die agtergrond van sy oorspronklike bedoeling verstaan moet word. Sonder om volledig daarop in te gaan, vestig ons die aandag op enkele belangrike feite insake die oorspronklike bedoeling van die ondertekeningsformulier. (Vir 'n goeie oorsig oor die ontstaansgeskiedenis hiervan, verwys ons na Bouwman, 1934:566-587).

Calvyn het ook in hierdie opsig leiding gegee. Sy uitgangspunt ten opsigte van 'n belydenis was dat die kerk geen mag ontvang het om 'n nuwe leer in te voer nie (*Institusie*, IV, 9, 13). Dit moet altyd aan die reël van die Skrif getoets word (*Institusie*, IV, 9, 8).

Calvyn se standpunt was dat die kerk met en by die opstel van geloofsartikels uiters versigtig moet wees, want die enigste gesagvolle waarheid is in die Woord van God aan ons gegee. Die bedoeling van die belydenisskrif is juis om die Woord aan die woord te stel, en om die kerk teen dwaling en leuen af te grens (vgl. Calvyn, *Institusie*, I, 13, 3-5; Plomp,1969:257).

Die kerk moet toesien dat die ware leer bewaar en beskerm word. 'n Belydenisskrif is deur Calvyn gesien as 'n samevatting van die leer. Dit blyk duidelik uit sy skrywe in 1548 aan Seymour, hertog van Somerset. In hierdie brief skrywe hy ook aan hom dat dit noodsaaklik is dat die predikante hulle aan 'n skriftelike vorm van die leer moet bind. Hy gee drie redes daarvoor: eerstens om onkunde teen te gaan, om die ooreenstemming en eenheid in die leer in alle kerke beter tot uitdrukking te bring, en derdens "om de nieuwsgierigheid en de verzinsels van lieden die alleen maar vreemde dingen willen zeggen, de pas af te snijden" (aangehaal by Plomp, 1969:257).

Pont (1982:10 e.v.) toon aan hoe die standpunt van Calvyn die Calvinistiese kerke gelei het om erns te maak met die bewaring van die ware leer van die kerk.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die eerste sinodes gedurende die sestiende eeu by die aanvang van die vergadering telkens opnuut vasgestel het of iets in die belydenis verander of gewysig moet word. So was dit byvoorbeeld bepaal by die sinode van Antwerpen in 1565 ten opsigte van die Nederlandse Geloofsbelydenis. In die verloop van die sestiende eeu is daar inderdaad aan enkele artikels daarvan veranderinge aangebring totdat dit in 1618/19 finaal vasgestel is en bepaal is dat dit in alles met die Woord van God ooreenstem (vgl.Pont, 1981:62,241).

## 7. 'N BROEDERLIKE APPèL

Die stof wat ons in behandeling geneem het, bewys nie net die omvang, die lang geskiedenis en die ingewikkeldheid van die probleem nie, maar bewys ook dat die gereformeerde teologie krisistye belewe. Die rede hiervoor is dat juis die grondslag van die gereformeerde teologie, naamlik die Woord van God soos ons dit bely volgens die belydenisskrifte, in gedrang is.

Wanneer God se Woord deur die woord van mense medebepaal word en wanneer die leiding van die Heilige Gees in die ontstaan en verstaan van die Woord en die belydenis ontkrag word, ontstaan 'n krisis in die gereformeerde teologie.

Gaffin (1982:288) maak 'n belangrike opmerking wanneer hy dit stel dat die wetenskaplike studie in die teologie moet voortgaan, maar dat die huidige Skrifkritiek te veel rus op die rasionele outonomiteit van die mens en sodoende die gesag van die Skrif ondermyn.

Skrifkritiek en verwaarlosing van die bindende krag van die belydenisskrifte veroorsaak nie net spanning tussen die drie Afrikaanse kerkegemeenskappe nie, maar kan ook lei tot verdere spanninge binne die geledere van een reformatoriese kerk of kerkverband.

In die Gereformeerde kerklike wêreld waar lidmate en ampsdraers aan die Drie Formuliere van Eenheid gebind is, rus daar 'n verpligting op professore en predikante teenoor die lidmate om die belydenis te handhaaf. Müller (1980:230-244) wys op die noodsaak daarvan dat die predikers en die gemeentes 'n onderlinge verpligting jeens mekaar het ten opsigte van die gemeenskaplike binding aan die konfessie.

Uit die geskiedenis van die gereformeerde standpunt is dit duidelik dat die Skrif en konfessie nie dualisties verstaan moet word nie. Dit gaan om die een waarheid van God. Indien iemand sou kon aantoon dat die belydenis nie die Skrif korrek nasê en interpreteer of verklaar nie, dan is die kerk geroep om sy belydenis in ooreenstemming met die Skrif (die eintlike *regula fidei*) te bring.

Is dit nie vandag noodsaaklik dat die kerke aan die enkele probleme in die belydenisskrifte (vgl. artikel 4 en 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) moet aandag gee nie? Het hierdie probleme nie al te veel aanleiding gegee tot 'n neiging om met onaanvaarbare onderskeidinge te kom nie, soos byvoorbeeld die standpunt dat ons slegs aan die intensie van die belydenis gebonde sou wees.

Die kerke van Jesus Christus is geroep om met toewyding en diens die gesonde leer te

bewaar. Die kerk is en bly 'n pilaar en grondslag van die waarheid (1 Timoteus 3:15).

## 8. BIBLIOGRAFIE


ANON. 1980. God met ons: over de aard van het Schriftgezag. Leusden : Deputaten Informatiedienst.

ARNTZEN, M.J. 1984. Schriftgezag of traditie? (*In* Douma, J. *red.* Bezield verband. Kampen : Kok. p. 1-13.)

AUGUSTIJN, C. 1969. Kerk en belijdenis. Kampen : Kok.

BARR, J. 1984. Fundamentalism. London : SCM.

BARTH, K. 1935. Die kirchliche Dogmatik. Dl. 1. München : Kaiser.

BAVINCK, H. 1928. Gereformeerde Dogmatiek. Dl. 1. Kampen : Kok.

BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Dl. 4. Kampen : Kok.

BERKHOF, H. 1960. God, voorwerp van wetenschap? Nijkerk : Callenbach.

BERKOUWER, G.C. 1963. Vragen rondom de belijdenis. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 63 : 1-41

BOSMAN, H.L. 1987. Die historiese wortels van die Skrifgebruik in die Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In* Bosman, H.L., Hofmeyr, J.W., Schefler, E.H., Van Eeden, I.J. & Van Niekerk, E. Die Nederlandse Geloofsbelydenis: ontstaan, Skrifgebruik en gebruik. Pretoria : Unisa. p. 29-52.)

BOSMAN, H.L., HOFMEYR, J.W., SCHEFLER, E.H., VAN EEDEN, I.J. & VAN NIEKERK, E. 1987. Die Nederlandse Geloofsbelydenis: ontstaan, Skrifgebruik en gebruik. Pretoria : Unisa.

BOTHA, S.J. 1982. Die belydenis in kerkregtelike verband in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2&3) : 30-44.

BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd Kerkrecht. Kampen : Kok.

BREYTENBACH, A.P.B. 1982. Die belydenis in hermeneutiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2&3):45-51.

BUYTENDACH, F.W. 1969. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek met betrekking tot die organiese Skrifinspirasie in die nuwere Gereformeerde Teologie in Nederland. Potchefstroom. 578 p. (Proefskrif (Th.D.) - PU vir CHO.)

CALVYN, J. s.j. Institutie of de onderwijzing in de Christelijke religie. Amsterdam : Bottenburg.

CALVYN, J. 1846. Commentary on a harmony of the evangelists, Matthew, Mark and Luke. (Translator Pringle, W.) Edinburgh : The Calvin translation society.

COETZEE, C.F.C. 1988. Die interpretasie van die belydenis. (*In* De Bruyn, P.J., *samest.* Waar die paaie saamwoon. Potchefstroom : PTP. p. 25-38.)

COETZEE, P.J. 1970. Die binding van die konfessie. *In die Skriflig*, 4(16):9-27, Desember.

DEIST, F. 1986. Die wa van Ussa oftewel Johannes du Plessis en die belydenisskrifte. *Theologia Evangelica*, XIX(1) : 36-65, Maart.

DE KLERK, B.J. 1937. Vorme en karakter van die biblisisme. Amsterdam. 302 p. (Proefskrif (Th.D.) - Vrije Universiteit van Amsterdam.)

DU TOIT, S. 1965. Tussen verstarring en verwarring, tradisie-belydenisskrif. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 6(2) : 75-80, Maart.

DUVENAGE, S.C.W. 1965. Vryheid en gebondenheid in die teologie. *Koers*, XXXII(11):561-582, Mei.

DUVENAGE, S.C.W. 1971. Onderlinge verhouding van Skrif en belydenis. *In die Skriflig*, 5(19) : 18-36, September.

GAFFIN, R.B. 1982. Old Amsterdam and inerrancy? *The Westminster Theological Journal*, XLIV(2) : 250-289.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1980. Kerkorde. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

GRAFFMANN, H. 1961. Geschichte der Entstehung und Methodik des Unterrichts im Heidelberger Katechismus. Neukirchen : Neukirchener Verlag.

GROSHEIDE, F.W. 1940. Het leven bij de Belijdenisschriften. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*: 145-164, April.
HOFSTEDE DE GROOT, P. 1834. Gedachten over de beschuldiging, tegen de leeraars der Nederlandsche Hervormde Kerk in deze dagen openlijk ingebracht, dat zij hunne eed breken, door af te wijken van de leer hunner kerk, die zij beloofd hebben te zullen houden. Groningen : Smit.
HANDELINGE VAN DIE NASIONALE SINODES VAN DIE GKSA, 1945 en 1946.
kyk
NASIONALE SINODE GKSA, 1945 en 1946.
HANDELINGE VAN DIE TUSSENKERKLIKE KOMMISSIE VAN DIE DRIE AFRIKAANSE SUSTERKERKE, 1982-1989.
HEYNS, J.A. & Jonker, W.D. 1974. Op weg met die teologie. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
KERKORDE
kyk
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.
KERKSAAK. 1932. Die kerksaak tussen prof. J. du Plessis en die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. 'n Woordelikse verslag van die verrigtinge met die uitspraak in die Hooggeregshof, Kaapstad, November-Desember 1931. Kaapstad : Nasionale Pers.
KöNIG, A. 1966. Die Heilige Skrif en die Drie Formuliere van Eenheid. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, p. 21-29, Januarie.
KUITERT, H.M. 1972. Om en om. Kampen : Kok.
KUYPER, A. 1884. Tractaat van de Reformatie der Kerken. Amsterdam : Höveker en Zoon.
MüLLER, H.M. 1980. Lehrverpflichtung und Gewissensfreiheit. *Kerygma und Dogma*, 26 : 230-244.
NAUTA, D. 1969. De verbindende kracht van de belijdenisschriften. Verhandeling over de formulierkwestie in de negentiende eeuw in Nederland. Kampen : Kok.
PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvijn. Kampen : Kok.
POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Dl. 1. Franeker : Wever.
POLMAN, A.D.R. 1973. De outoriteit van de belijdenis. *In die Skriflig*, 7(27) : 6-11, September.
PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Akademiese handboeke, deel I. Pretoria : HAUM.
PONT, A.D. 1982. Die belydenis in historiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2&3):1-29.
PONT, A.D. 1985. Die funksie van die belydenis en die dogma in die struktuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die implikasies daarvan vir die predikant. *Hervormde Teologiese Studies*, 41(4) : 519-546, Oktober.
RIDDERBOS, H.N. 1968. Het Woord, het rijk en onze verlegenheid. Kampen : Kok.
ROSSOUW, P.J. 1989. Amp by Rome : Vatikanum II en daarna. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XXX(4) : 498-512, September.
RUNIA, K. 1959. The authority of the confession. *Reformed Theological Review*, 18 : 6-20.
SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
SCHULZE, L.F. 1988. Die kategismusprediking in die krisis. *In die Skriflig*, 22(88) : 24-31, Desember.
SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Teologiese Skool van die GKSA.
TOORNVLIET, G. 1949. De waarde van dogma en dogmatiek. (*In* Berkouwer, G.C. & Toornvliet, G., reds. Het dogma der kerk. Groningen : Jan Haan. p. 7-29.)
TRIMP, C. 1985. Moderne Schriftbeschouwing. *In die Skriflig*, 19(75):16-22, September.
VAN AARDE, A. 1985. Skrifgebruik : Hermeneutiese riglyne. *Hervormde Teologiese Studies*, 41(4) : 547-577, Oktober.
VAN BRUGGEN, J. 1971. Het amen der kerk. De Nederlandse geloofsbelijdenis toegelicht. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.
VAN DER LINDE, G.P.L. 1975. Die huidige stand van die belydenis in die Gereformeerde Kerken in Nederland. *In die Skriflig*, 9(33) : 2-39, Maart.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1979. Die na-oorlogse ontwikkeling van die Gereformeerde Kerken in Nederland. *In die Skriflig*, 13(51) : 36-51, September.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1986. Die Doleansie 1886 - 'n oorwinning of intermezzo? *In die Skriflig*, 20(80) : 18-24, Desember.

VAN DER WALT, J.J. 1990. Die Bybel en die belydenis. *Die Kerkblad*, 92(2838) : 17-19, 7 Maart.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1982. Die belydenis en vernuwing of hernuwing. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2&3) : 62-76.

VAN DEVENTER, L. & KöNIG, A. 1989. Skrifbeskouing en Skrifgebruik - verskuiwinge soos gereflekteer in die diskussie oor die plek van die vrou in gereformeerde kerke. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XXX(3) : 300-311, Julie.

VAN GENDEREN, J. 1975. Confessie en theologie. Kampen : Kok.

VAN NIEKERK, E. 1987. Die hermeneutiese sleutel van die Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In* Bosman, H.L. *et al.* Die Nederlandse Geloofsbelydenis : ontstaan, Skrifgebruik en gebruik. Pretoria : Unisa. p. 14-28.)

VAN 't SPIJKER, W. 1990. Marginaal? *De Wekker*, 99(43):375, Augustus.

VAN TOORENENBERGEN, J.J. 1895. De symbolische schriften der Nederlandsche Hervormde Kerk in zuiveren kritisch bewerkten tekst haar aangeboden tot wettig gebruik. Utrecht : Kemink.

VAN WYK, J.H. 1974. Die vraag na 'n nuwe belydenisskrif. *In die Skriflig*, 8(32):22-33, Desember.

VELEMA, W.H. 1981. Het rapport "God met ons ... over de aard van het Schriftgezag" van de Gereformeerde Kerken in Nederland. *In die Skriflig*, 15(60):4-23, Desember.

VOLTEN, H. 1962. Rondom het belijden der kerk. Kampen : Kok.

VOS, G.J. 1886. Groen van Prinsterer en zijn tijd. I. 1800-1857. Studiën en schetsen op het gebied der vaderlandsche kerkgeschiedenis. Dordrecht : Revers.